

YVAN VANDEN BERGHE: HET GROTE MISVERSTAND. EEN GESCHIEDENIS VAN DE KOUDE OORLOG (1917 - 1990). ACCO, LEUVEN, 1991.
Prys nie vermeld nie.

Dit is 'n volledige oorsigtelike geskiedenis van die Koue Oorlog wat afsluit met die "Wonderjaar 1989" en die einde van die Koue Oorlog wat die skrywer dateer met die hereniging van Duitsland op 3 Oktober 1990. Die skrywer, hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Antwerpen, se uitgangspunt is dat die Koue Oorlog in werklikheid op 'n groot wanbegrip berus: die VSA wat nie die ware sekuriteitsvrees en ekonomiese nood van die Sowjet-Unie begryp het nie, en die USSR wat nie die Westerse aandrang op vryheid en demokrasie begryp het nie. Daarom begin die Koue Oorlog vir hom reeds in 1917 met die Geallieerde inmenging in die Russiese Burgeroorlog waar die grondslag van wedersydse wantroue en misverstand gelê is. Hy skryf dus nie die Koue Oorlog toe aan die besondere omstandighede van die magsvakuüm wat in Sentraal- en Oos-Europa geheers het aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog nie.

Tereg word die ideologiese vertolking van en motivering vir die Koue Oorlog as 'n middel en nie as 'n doel gesien nie. Die VSA en die USSR word

tereg as konkurrente gesien wat ideologiese oorweginge gemanipuleer het om hulle eiebelange in 'n hoëre sweer van demokratiese geregtigheid of historiese gedetermineerdheid te plaas. Die Koue Oorlog was ook 'n handige instrument om binnelandse politieke probleme in die naam van ideologiese mobilisering te verbloem.

Die skrywer is iemand wat 'n groot eksponent is van geskiedenis as die verhaal van wat gebeur het. Daarom is die uiteensetting sterk verhalend en is dit op gebeure en hulle gevolge en betekenis ingestel en nie op die ontleding van modelle of teorieë nie. Dit maak dit 'n geskikte boek om te gebruik om 'n feitelike uiteensetting van gebeure te gee.

In die slothoofstuk wyk die skrywer egter van sy verhalende styl af en bied hy 'n interpretasie aan vanuit 'n Europese perspektief. Die ses bladsye bied uitstekende en prikkelende gedagtes vir 'n intellektuele wêreld wat gekondisioneer geraak het deur Anglo-Amerikaanse indoktrinasië.